Project name: AL3283

Date of interview: 26 October 2009

Location of interview: Centurion, Pretoria

Language/s of interview: Afrikaans

Length of interview: 3 minutes 36 seconds

Name of Interviewer: De Wet Potgieter

Name of interviewee/s: Colonel Lucas Ras

Name of translator (if any): De Wet Potgieter

Name of transcriber:

Notes on access and use (if any):

Audio file name/s of interview: AL3283_PTA_RASLUCAS_20091026_2

| | |
|---|---|
| De Wet | Dit is Maandag 26 Oktober 2009 ek sit hier in Centurion, ek gesels met kolonel Lucas Ras. Lucas was voorheen by D-tak van die polisie se veiligheidstak was hy gestasioneer en voor dit was hy ook by Koevoet in Namibië het hy diens gedoen. Lucas, ek wil graag vandag met jou gesels oor ondervragingstegnieke wat die veiligheidspolisie gebruik het destyds. As jy my kortliks net kan verduidelik wat is die belangrikste maniere wat julle ondervragings gedoen het om inligting uit aangehoudenes te kry. |
| Lucas | De Wet, eerstens kan ek vir sê verskillende mense het verskillende tegnieke gebruik en elke ou het gedink sy tegnieke wat hy gebruik is uniek. In Namibië byvoorbeeld daar het ons ’n tegniek gehad ons het dit die Sandgat genoem waar jy die ou se hemp oor sy kop getrek het, gat gegrou ’n meter diep en hom kop eerste in die gat gegooi en die gat toegegooi.<br>Obviously kry hy nie asem nie, maar hy kry ook nie sand in sy longe nie en sou hy iets oorkom was dit moeilik om te bewys waaraan, of moeilik om te bewys dat hy wel gemartel is of wat ookal.<br>In Suid-Afrika waar daar nie so baie sand is nie het ons ander tegnieke gebruik. Die een daarvan is die telefoon waar jy die ou elektriese skokke mee gee. ’n Draadjie op die oor en die ander |

| | |
|---|---|
| | draadjie op die privaatdele. Jy weet, die ou slingertelefone gebruik het.<br>Wat ons met een spesifieke geval gedoen het , het ons ’n nylontou aan sy boeie vasgemaak terwyl ons hom geshock het en die nylontou het ons oor ’n telefoondraad gegooi. In die hof het hy gesê ons het kragdrade gebruik om hom te shock, maar obviously gaan niemand dit glo. Sal net ’n kooltjie oorbly as dit die geval was.<br>En dan natuurlik die tube wat baie ouens gebruik het. Dit is ’n baie gevaarlike ding. Party ouens kan dit oordoen as die adrenalien pomp. Ek persoonlik het dit nooit gedoen nie ek was bietjie bang gewees daarvoor, maar ek was by en gesien waar ouens dit gedoen het.<br>Ander metodes om ys in ’n ou se anus op te druk. Blinddoek hom en sê jy gaan hom brand met ’n warm yster en ek verstaan dit voel soos ’n warm yster, maar daar is nooit bewyse daarvoor nie. Dit het ook goed gewerk. |
| De Wet | Lucas, kan jy weer vir ons om terug te kom na die tube toe. Verduidelik net vir my wat is die tube, hoe word dit gedoen dat ’n mens net weet anders kan die tubes enigiets beteken. |
| Lucas | Dit is ’n motor-binneband wat oor die gesig getrek word. Dit sluit alles oor die neus en veral die mond. Dan trek jy dit oor en styf sodat hy nie asem kry nie. Jy kan ook ’n prisoniersak, ’n sak wat die prisoniers se lyfband en goeters wat by hom afgeneem word as hy in die selle toegesluit word. Is ’n PPR-sak, prisoners property bag. Wat jy natmaak met water en jy trek dit oor die Gesig ook en draai hom styf om sy nek. Ook ’n ding wat baie goed werk baie benoud raak . |